Kanjanji Children's Village
His heart, His hands, His little children

No. 25 – 15 April 2009

Hallo almal,

Oral in die wêreld kan 'n mens nou die draai van die seisoene voel. Hier by ons is die weer nou heerlik. Ons is baie geseënd (en besig!) met verskeie groepe uit Suid-Afrika, Ierland, Engeland en Kanada wat ons kom besoek. Gisteraand was dit 'full house' met 25 mense wat hier geslaap het.

Projekte en persoonlik

Die 'Helping Hands'-groep vanaf Engeland en Ierland was vir ons 'n groot ondersteuning – beide geestelik en persoonlik. Hulle het ons vir 'n naweek Livingstone toe geneem om een van die sewe natuurlike wonders van die wêreld te gaan aanskou met die Zambezi-rivier in vol vloed. Ons was ook op 'n daguitstappie na die Chobe Wildreservaat en het 'n magdom olifante gesien. Wanneer 'n mens so tussen die 'big five' is, besef jy weereens – daar is net EEN Afrika!

Terug by Kanjanji, het almal gehelp met kosmaak en opskep vir die 150 weeskinders wat ons weekliks kosgee. Karen het my gehelp om 'cup cakes' te bak wat ons in ons plaaslike winkeltjie verkoop om fondse in te samel (onder andere vir die volgende kwartaal se skoolfondse). Nico, Capie en Wikus het ingespring met die verfkwaste en die kleuterskool 'n hele nuwe voorkoms gegee.

Lourie en die pastoor se harde werk het vrugte afgewerp en almal het gebaat by die nuwe badkamer. Alhoewel slegs die mans se kant voltooi is, was wonderlik om weer vir 'n slag 'n bad te kon vat na soveel maande van stort!

Nico en Karen het vir nog 'n paar dae aangebly en die twee was waarlik vir ons 'n seën gewees! Karen het vir Lourie aan die werk gesit om rakke op te sit in die voorraadstoor terwyl sy en Nico 200kg meel in 1kg sakkies verpak het. Om nie te praat van die suiker, heps, sout, bemesting, ens. nie.

Zambezi-rivier in vol vloed
Zambezi River in full flood

Ferreira's & 'Helping Hands'-besoekgroep
Ferreira's & 'Helping Hands' visiting group

Hallo Everyone,

All over the world people can feel the seasons changing. In Zambia we are experiencing lovely weather at the moment. We are very blessed (and busy!) with various groups visiting us from South Africa, Ireland, England and Canada. Last night we had a full house with 25 people sleeping here

Projects and personal

The 'Helping Hands' group from England and Ireland was a great support – both spiritually and emotionally. They took us to Livingstone for a weekend where we saw one of the seven wonders of the world, at a time when the levels of the Zambezi river was very high. We had a day trip to the Chobe Game Reserve where we saw many elephants. When you are in the midst of the 'big five' you just realise again – there is only ONE Africa!

Back at Kanjanji everybody helped us to prepare food and serve it to the 150 orphans that we feed every week. Karen helped me to bake cup cakes that we sell at our local shop to raise funds (for next term's school funds, etc). Nico, Capie and Wikus used some of the paintbrushes and paint from the container to give the preschool a whole new look.

Lourie and the pastor's hard work were successful and everybody benefited from the new bathrooms. Even though only the mens' side was completed, it was wonderful to be able to have a bath after having had to shower for so many months!

Nico and Karen stayed on for a few more days and it was a real blessing to us! Karen put Lourie to work fitting shelves in the store room while she and Nico repacked 200kg flour into 1kg bags. Not to mention the sugar, fertilizer, heps, salt, etc. Nico also proved his skill by putting in some windows in the bathroom. Thank you to you two – our lives

Nico het ook sy vernuf gewys deur die badkamer se vensters in te sit. Baie dankie julle twee – ons lewe het sommer nou 'n nuwe dimensie!

Vandag na ons die 150 wesies kos gegee het, het ons die klere wat in die krat gekom het in ouderdomme gesorteer en vir elk kind 'n stel klere gegee. Ek moet sê dat dit nogal 'n organisasie was – gelukkig was die Kanadese hier om te help!

Gebedsversoeke

- Sê asb saam dankie vir almal se betrokkenheid en veral vir die 'Helping Hands'-groep – dit was wonderlike ondersteuning net op die regte tyd! Dink veral aan ons in die volgende maand waar ons nog groepe uit Kanada verwag.
- Bid saam dat die waterkwessie opgelos sal word: ons sukkel met swak kwaliteit pompe wat hier vervaardig word en dit veroorsaak spanning wanneer daar 20 mense en groentetuine is wat water benodig.
- Bid saam vir die groepe wat die 'village'-uitreike doen: dat die 'villagers' se harte ontvanklik sal wees.

Nogmaals dankie aan almal! Kyk gerus volgende week vir meer foto's op ons webtuiste.

Baie seën vir julle!

Lourie & Gisela Ferreira
www.kanjanji.com / childrensvillage@kanjanji.com
✉ Posbus 630677, Choma, Zambië

Die Voedingsprojek / The Feeding programme

Nico & Karen – werk in die voorraadstoor / working in the store room

Nico – sit die badkamervensters in / fitting the bathroom windows

have a new dimension now!

Today, after feeding the 150 orphans, we sorted the clothes that came in the container and each orphan got a set of clothes. It was quite an organisation, thankfully the Canadians were here to help!

Prayer requests

- We would like to thank everyone for their involvement, and especially the 'Helping Hands' group. It was wonderful support that came at just the right time! Please think of us over the next month when we are expecting some more groups from Canada.
- Pray with us that the water problem is resolved: we are struggling with sub-standard pumps that are manufactured here, and it causes stress when we know that we have 20 people and vegetable gardens in need of water.
- Pray for the groups that are doing outreaches in the villages – that they will be received heartily.

Thanks again to you all! Please look on the website next week for more photos.

Blessings!

Lourie & Gisela Ferreira
www.kanjanji.com / childrensvillage@kanjanji.com
✉ PO Box 630677, Choma, Zambia

Kanjanji Children's Village
His heart, His hands, His little children